Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2020-01-16

NUUSBRIEF 1/2020

Ek wil namens die beheerliggaam en personeel van Laerskool Stulting elkeen van ons ouers en leerders by ons skool verwelkom. 'n Spesiale verwelkoming aan die gr. RR-, R- en 1-leerders asook al die nuwe leerders wat van ander skole af by ons aangesluit het. Ons glo dat julle sommer gou tuis sal voel by jul nuwe Stulting familie.

Ons verwelkom ook graag nuwe personeellede wat by ons aansluit:

- Gr. 3.2: Juf Lizette de Leeuw
- Gr. 4.3: Juf. Carmen Hamilton (Juf. Jolene Heyns is op kraamverlof)

Ons verwelkom ook nuwe studente-onderwysers wat hul leerlingskappe by ons gaan verrig:

- Intersenfase: Janien Meyer.

Belangrike sake wat u van kennis moet neem:

Amptelike skoolure 2020:

Gr. RR-2: 07:30 tot 13:02
Gr. 3: 07:30 tot 13:32
Gr. 4 - 7: 07:30 tot 14:00

Ouer/onderwyser-vergadering

(Donderdag 16 Januarie)

Gr. RR-3: 17:30 (registerklasse)
Gr. 4-6: 18:15 (registerklasse)
Gr. 7: 18:15 (skoolsaal)

Skoolfooie 2020:

Skoolfooie is betaalbaar teen ***31 Oktober 2020***.
Gr. RR/R: R 13 200 (per jaar)
Gr. 1-7: R 12 650 (per jaar)
'n Eenmalige ***boekfooi van R 500*** (Gr. RR-7)

Bankbesonderhede

REK. NAAM: Laerskool Stulting
BANK: NEDBANK, Humansdorp
REK #: 126-302-0119
TAK #: 126-317

U skoolfooiverwysingsnommer verskyn op u skoolfooirekening.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Stulting Klerewinkel Verkoopsure: Dinsdae / Donderdae: 12:30-13:45.

Interhuis atletiek: *Velditems* (Maan. 20 Jan.) @ Stulting (07:30-12:00). Interskole spiesgooi (12:00-15:00).
Baanitems (Dins. 21 Jan.) @ Nico Malan (07:30-14:00). Interskole diskus (14:00-17:00).

Buitemuurse aktiwiteite: Die algemene buitemuurse rooster (akademie-, sport- en kultuuraktiwiteite) sal op Maandag 27 Januarie in aanvang neem.

Valentynsdans / -ete Die gr. 7-ouers bied vanjaar op Vrydag 14 Februarie die Valentynsdans wat ‘n 3-gang ete insluit aan. Kaartjie sal beskikbaar wees by die prefekte ouers sowel as die skoolkantoor. ‘n Sokkie vir die leerders (Gr. 4-7) word op Donderdag 13 Februarie in die skoolsaal gehou. Meer inligting volg.

Busfonds: Nuwe leerders ontvang vandag hul lootjieboek. Bestaande leerders het reeds aan die einde van verlede jaar hul boekies ontvang. Die lootjieboek bestaande uit 20 kaartjies wat teen R 20 elk verkoop moet word (R 400). Die boekie en die geld moet teen 31 Maart (na die skoolvakansie) aan die skool terugbesorg word. Ons dank u by voorbaat vir die positiewe gesindheid teenoor hierdie fondsinsamelingsprojek.

Ons wens u ‘n voorspoedige 2020 toe.

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF